



## Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 9

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:- 

4.	a	b	<del>c</del>	d
----	---	---	--------------	---

 Voorbeeld 2:- 

4.	a	<del>b</del>	<del>c</del>	d
----	---	--------------	--------------	---

Lees die teks en kies die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 15.

'n Sweedse tiener, Greta Thunberg (16) vat wêreldleiers aan en mobiliseer 100 000de kinders om te betoog en van die skool af weg te bly om die klimaatkrisis te keer. Greta praat gereeld met wêreldleiers en haar boodskap is eenvoudig: Hou op om die aarde te verwoes, anders gaan die kinders van vandag geen toekoms hê nie. Sy het in klimaatsverandering begin belangstel toe sy op die ouderdom van nege op skool daarvan geleer het. Greta is 'n baie intelligente meisie en sy het op haar eie meer van klimaatverandering geleer. Baie goue het sy net daarop gefokus. Sy maak gereeld toesprake voor belangrike mense soos die Pous en die Britse parlement en sy spandeer tot 20 uur per dag aan toesprake skryf. Soms word Greta depressief en hartseer omdat daar soveel verkeerd is met die wêreld.



Verwerk uit die Huisgenoot 16 Mei 2019



- 'n Sweedse persoon bly in die land:  
(a) Sweeds (b) Swede (c) Sweden (d) Sweeden
- Gee die korrekte intensiewe vorm vir die onderstrepte woord.  
'Sy is nog baie jonk en al so hardverkeerd.'  
(a) piepjonk (b) doodjonk (c) bloeljonk (d) stokjonk

- Watter een van die volgende sinne is korrek oorgeskryf in 'n indirekte rede?

Greta sê: "Kinders, ons moet die aarde nou red."

- Greta sê dat die kinders nou die aarde moet red.
- Greta sê vir die kinders dat hulle moet nou die aarde red.
- Greta sê dat die kinders moet die aarde nou red.
- Greta sê vir die kinders dat hulle nou die aarde moet red.



- Kies die korrekte spelling vir die uitgelate woord.  
'Greta blameer die ..... vir die klimaatkrisis.'  
(a) volwassenes (b) volwasenes (c) olwassenne (d) volwasennes



- Hoe sal jy die onderstaande stelling in 'n vraag verander? Die onderstrepte gedeelte moet die antwoord wees.  
'Sy het elke dag met haar plakkaat voor die parlement gestaan.'  
(a) Met wat het sy elke dag voor die parlement gestaan?  
(b) Met wat het sy voor die parlement elke dag gestaan?  
(c) Waarmee het sy elke dag voor die parlement gestaan?  
(d) Waarmee staan sy voor die parlement elke dag?
- Watter karaktereienskap, dink jy, sal Greta die beste beskryf?  
(a) vrolik (b) ernstig (c) opgewek (d) laf

- 'Greta praat gereeld met belangrike mense', beteken sy praat ..... met hulle.  
(a) selde (b) nooit (c) somtyds (d) dikwels

- Watter sin se woordorde is korrek?  
(a) Sy het verlede jaar wêreldleiers in Parys ontmoet.  
(b) Sy het wêreldleiers in Parys verlede jaar ontmoet.  
(c) Sy het verlede jaar in Parys wêreldleiers ontmoet.  
(d) Sy het in Parys verlede jaar wêreldleiers ontmoet.



9. Wat is die korrekte verledetydsvorm vir die onderstaande sin?

- 'Mense doen nie baie om die aarde te red nie.'**  
 (a) Mense het nie gedoen baie om die aarde te red nie.  
 (b) Mense het nie baie om die aarde te red gedoen nie.  
 (c) Mense het nie baie gedoen om die aarde te red nie.  
 (d) Mense het nie om die aarde te red baie gedoen nie.



10. Watter van die volgende stellings is nie korrek nie?

**'Greta Thunberg is 'n baie besondere tiener, omdat .....'**

- (a) sy tot 20 uur per dag toesprake skryf.  
 (b) sy duisende kinders kan mobiliseer om teen klimaatverandering te betoog.  
 (c) sy so jonk is en voor wêreldleiers toesprake kan lewer.  
 (d) sy nie baie intelligent is nie.

11. Gee die teenoorgestelde betekenis van die onderstreepte woord.

**'Greta se boodskap is baie eenvoudig.'**

- (a) belangrik (b) ingewikkeld (c) simplisties (d) vervelig

12. Watter voorsetsel sal korrek wees in die onderstaande sin?

**'Sy neem nie deel ..... enige sport by haar skool nie.'**

- (a) by (b) in (c) aan (d) met

13. Beantwoord die volgende vraag in die negatief.

**'Is Greta nog bang om voor mense te praat?'**

- (a) Nee, Greta is nie meer bang om voor mense te praat nie.  
 (b) Nee, Greta is nog nie bang om voor mense te praat nie.  
 (c) Nee, Greta is nie meer bang nie om voor mense te praat.  
 (d) Nee, Greta is nie nog bang om voor mense te praat nie.



14. Voltooi die vergelyking. **'Al praat sy so baie voor mense, is sy by die huis so stil soos 'n .....'**

- (a) skoenlapper. (b) leeu. (c) kat. (d) muis.

15. Kies die korrekte voornaamwoord. **'Greta is baie trots op die toesprake wat sy skryf, want dit is .....'**

- (a) haar sh. (b) hare. (c) syne. (d) haar se.

Kyk na die advertensie / kennisgewing en kies die korrekte antwoorde vir vrae 16 – 27.

**STRAND SKOONMAAKDAG!**

Addingtonstrand, Durban  
 Kom sluit by ons aan.  
 Bring die hele gesin, familie en vriende!

SATERDAG 24 Mei  
 9vm. – 5nm.

- Ontmoet nuwe vriende.
- Geniet 'n dag op die strand.
- Help om die oseaan te red.

Swart sakke en handskoene sal voorsien word.  
 Bring 'n sonhoed, sonskerm en water.

**VELE HANDE MAAK LIGTE WERK!**

16. Hoe sal jy '24' in woorde uitskryf?

- (a) veer en twintig (b) vier-en-twintig  
 (c) vier en twintig (d) veer en twintig

17. Die afkorting 'vm.' in die advertensie staan vir .....

- (a) voormiddag. (b) vroegmiddag.  
 (c) vanmiddag. (d) vammiddag.

18. Wat is die toekomstige tyd van die onderstaande sin?

**'So iets is altyd baie pret om te doen.'**

- (a) So iets sal altyd baie pret om te doen wees.  
 (b) So iets altyd sal baie pret wees om te doen.  
 (c) So iets wil altyd baie pret om te doen wees.  
 (d) So iets sal altyd baie pret wees om te doen.

19. Wat is die meervoud van die woord 'dag'?

- (a) dae (b) daë (c) dagge (d) dage

20. Watter gevoelswoord sal nie in die onderstaande sin pas nie? **'....., maar die strand is 'n gemors!'**

- (a) Siestog (b) Liewe hemel (c) Goeie genade (d) Sjoe

21. Watter tipe woordsoort is 'swart' in 'swart sakke'?

- (a) selfstandige naamwoord (b) werkwoord  
 (c) byvoeglike naamwoord (d) hulpwerkwoord

22. Hoe kan die volgende sin korrek voltooi word?

**'Ek hoop baie mense kom, aangesien .....'**

- (a) almal moet die aarde probeer help. (b) almal die aarde moet probeer help.  
 (c) almal moet probeer help die aarde. (d) almal die aarde moet help probeer.

